# SO SÊ DIE HERE...... SO SÊ DIE HERE

Dr. C.J. Labuschagne

*DR. C.J. LABUSCHAGNE is 'n Ou-Testamentikus en dosent aan die Universiteit van Groningen. Hierdie artikel is ons vierde in die reeks Israëls Jabroerprofeten.*

JEREMIA 28: 1-11

EN IN DIÉ JAAR, in die begin van die regering van Sedekia die koning van Juda, in die vierde jaar, in die vyfde maand, het Hananja, die seun van Assur, die profeet, wat uit Gibeon afkomstig was, met my gespreek in die huis van die HERE in teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk en gesê: So spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: Ek het die juk van die koning van Babel verbreek. Binne twee volle jare bring Ek in hierdie plek terug al die voorwerpe van die huis van die Here wat Nebukadnesar, die koning van Babel, uit hierdie plek weggeneem en na Babel gebring het. Ook Jegonja, die seun van Jojakim, die koning van Juda, en al die ballinge van Juda wat na Babel gegaan het, bring Ek in hierdie plek terug, spreek die HERE; want Ek sal die juk van die koning van Babel verbreek. Toe het die profeet Jeremia vir die profeet Hananja gesê in teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk wat in die huis van die HERE gestaan het, en die profeet Jeremia het gesê: Amen, laat die HERE so maak! Laat die HERE vervul jou woorde wat jy geprofeteer het, deur die voorwerpe van die huis van die HERE en al die ballinge uit Babel na hierdie plek terug te bring! Maar luister tog na hierdie woord wat ek spreek voor jou ore en voor die ore van die hele volk: die profete wat daar voor my en voor jou gewees het, van ouds af, het geprofeteer teen baie lande en teen groot koninkryke van oorlog en onheil en pes. Die profeet wat profeteer van vrede - as die woord van die profeet uitkom, dan sal die profeet bekend word wat die HERE waarlik gestuur het. Daarop het die profeet Hananja die juk van die nek van die profeet Jeremia afgeneem en dit verbreek. En Hananja het gespreek in teenwoordigheid van die hele volk en gesê: So spreek die HERE: So sal Ek verbreek die juk van Nebukadnesar, die koning van Babel, binne twee volle jare, van die nek van al die nasies. En die profeet Jeremia het weggegaan.

In Juda en Jerusalem was dit die jaar 594 vóór Christus. 'n Onstuimige jaar sowel op politieke as op godsdienstige gebied. Jerusalem het 'n gees van drukke diplomatiek en koorsagtige profetiese aktiwiteit geadem. In die stad het aangekom die afgesante van Edom, Moab, Ammon, Tirus en Sidon wie se taak dit was om koning Sedekia van Juda oor te haal om tot 'n anti-Babiloniese koalisie toe te tree. Aanleiding daartoe was die feit dat Nebukadnesar, wat nog besig was om sy magsposisie in Sirië en Palestina te konsolideer, hom op daardie stadium verplig gevoel het om 'n groot deel van sy strydmagte aan daardie gebied te onttrek vir 'n offensief teen die Mede en die Elamiete. Op aanstigting van Egipte het die klein staatjies in Sirië en Palestina wat deur Nebukadnesar onder die voet geloop is, gemeen dat die tyd gekom het om hulle, met die steun van Egipte, te bevry van die Babiloniese juk. Tydens die oorlegpleging is die profete ook geraadpleeg. Saam met die buitelandse gesante het immers ook profete gekom wat hul leiers by hul politieke beslissinge moes adviseer betreffende die wil van God ten aansien van die beleid wat gevolg moes word. In Jerusalem self het die profete van die Here gereed gestaan om die wil van die Here aan hul koning bekend te maak. Hul advies het reeds vasgestaan - hulle sou inskakel by die redevoeringe van die gesante en hul solidariteit verklaar met hul heidense kollegas, wat hul leiers eenstemmig geadviseer het: Julle moet die koning van Babel nie langer bly dien nie! Met 'n beroep op die Godswoord het die profete van Jerusalem hul orakels op die koning afgevuur: So sê die Here: U moet die koning van Babel nie langer bly dien nie! Hul advies was gelykluidend met dié van hul kollegas uit die omliggende lande. Die woord van die Here was net soos die woord van Baäl en Kemos. Hoe kon dit ook anders, het hulle gedink. Dit het immers gegaan om dieselfde goeie saak: nasionale bevryding! Nou het die tyd aangebreek om in die naam van die Here nee te sê teenoor Nebukadnesar en hulle van die onderdrukker te bevry. Dit was 'n heilige saak, so het hulle betoog, wat vir die diens van die Here in Jerusalem van onskatbare waarde sou wees. Daarom het hulle voorspel: Kyk, die voorwerpe van die huis van die Here sal uit Babel teruggebring word!

□

Intussen het Jeremia van die Here opdrag gekry om sy woord aan die buitelandse gesante en die koning van Juda te openbaar: Onderwerp julle aan die koning van Babel. Jeremia moes dié woord aanskoulik predik deur 'n juk op sy nek te lê en te dra, welke handeling die onderwerping aan Nebukadnesar simbolies voorgestel het. Met al sy oorredingskrag het hy by die gesante aangedring: U dan, gee geen gehoor aan u profete, u waarsêers, u dromers, u toekomsvoorspellers en u towenaars nie, wat vir u sê: U moet

nie diensbaar bly aan die koning van Babel nie; want hulle profeteer vir u leuens! Ook by koning Sedekia moes Jeremia die advies van die profete van Jerusalem as leuens ontmasker, en hy het tot die priesters en die hele volk gesê: So sê die Here: Gee geen gehoor aan die woorde van die profete wat vir u profeteer: Kyk, die voorwerpe van die huis van die Here sal uit Babel teruggebring word, nou, met spoed! Want hulle profeteer vir u leuens. Gee geen gehoor aan hulle nie! So het Jeremia hom geroepe gevoel om die optimisme van sy kollegas aan die kaak te stel en hul optrede as voorbarig, omdat hul woord nie van die Here afkomstig was nie. „Ek het hulle nie gestuur nie, lui die woord van die Here, en tog profeteer hulle ten onregte in my naam".

Teen hierdie agtergrond moet ons ons skrifgedeelte sien. Die bittere en pynlike teenstelling tussen profeet en profeet bereik hier sy hoogtepunt. Die skrille kontras tussen waar en vals, feit en leuen, werklikheid en wensdenkery, kom hier in 'n felle lig te staan. Die toneel is die tempel, die publiek en die getuies is die priesters en die hele volk, die hoofrolspelers Jeremia en Hanánja. Hierdie laasgenoemde, ongetwyfeld 'n vooraanstaande figuur uit die kringe van die Jerusalemse profete, tree op as woordvoerder van die pro-rebellie profete. Hy rig hom op 'n dramatiese wyse met name tot Jeremia, wat hom duidelik teen die voorgenome opstand uitgespreek het deur die dra van 'n juk. Dié juk wat Jeremia gedra het, het vir Hanánja net so hoog as die juk van die koning van Babel gesit. Daar moes nou vir eenmaal klaargekry word met die jukke! „So sê die Here van die leërskare, die God van Israel". So begin Hanánja sy profesie teen Jeremia met die geykte profetiese formule, wat aandui dat die profeet namens God spreek as gesaghebbende boodskapper. Voor die toehoorders spreek God nou self. „Ek het die juk van die koning van Babel verbreek! Binne twee volle jare bring Ek in hierdie plek terug al die voorwerpe van die huis van die Here ... ook Jegónja ... en al die ballinge van Juda ... bring ek na hierdie plek terug - lui die woord van die Here - want ek sal die juk van die koning van Babel verbreek".

□

Op hierdie indrukwekkende en met groot stelligheid geformuleerde Godswoord kon Jeremia alleen maar „amen" sê, wat egter nie beteken het dat hy dit beaam het in die sin dat hy daarmee ingestem het en sy goedkeuring daaraan wou gee nie. Inteendeel! Die Godswoord wat aan hom gegee is om te verkondig, het radikaal daarvan afgewyk. Dit sou onjuis wees om te meen dat Jeremia met sy „amen" op die woorde van Hanánja aan die waarheid van sy eie profesie getwyfel het. Verre van ja en amen te sê - hy was immers geen jabroer-profeet nie - wou hy alleen maar die vurigste wens van sy menslike hart uitspreek: „So doen die Here! Mag die Here die woorde wat jy geprofeteer het, vervul!" As 'n goeie patriot, wat hom die lot van sy volk diep aangetrek het, wou hy, net soos Hanánja, niks liewer as dat hul aller hartewens vervul word nie. Maar om die mens se hartewens te omskep tot die vader van die gedagte en tot die outeur van 'n Godswoord is heeltemal 'n ander saak. Daaraan wou Jeremia hom nie skuldig maak nie, want dan sou hy 'n valse profeet wees. Daarom het hy Hanánja se aandag pertinent op die onderwerp van die valse profesie gevestig. Hy het hom daaraan herinner dat die ware profete van ouds gekenmerk was deur die feit dat hulle oordeel en onheil verkondig het, en verder dat die profeet wat van vrede geprofeteer het, eers daarna, wanneer sy woorde reeds bewaarheid is, as 'n egte boodskapper van God gesien kon word. Met ander woorde, dit sou nog moes blyk of Hanánja inderdaad deur die Here gestuur was. Jeremia het hom van verdere kommentaar weerhou - dit was immers God se saak om die bewys te lewer. So het dan op dié moment profeet teenoor profeet gestaan, Godsman teenoor Godsman, Godswoord teenoor Godswoord, „So sê die Here" teenoor „so sê die Here". 'n Onhoudbare situasie ...

□

Aan hierdie situasie het Hanánja op gewelddadige wyse 'n einde probeer maak deur die juk van Jeremia se nek af te ruk en dit te breek. Daarmee het hy 'n einde gemaak aan die simboliese juk-profesie van Jeremia, wat weer op sigself 'n simboliese handeling was: „So sê die Here: So sal Ek verbreek die juk van Nebukadnésar, die koning van Babel, binne twee volle jare, van die nek van al die nasies". Hanánja was die held van die dag. Die irriterende juk van Jeremia en Nebukadnésar was van die toneel verwyder. Daarbenewens het hy hierdie lastige profeet flink op sy plek gesit. „En die profeet Jeremia het weggegaan". Hy het die saak waarom dit eintlik in die konflik tussen hom en Hanánja gegaan het, nl. die kwessie van die ware of die valse profesie, aan die orde gestel. En die maatstaf wat vir die onderskeiding tussen waar en vals toegepas moes word, was nie of 'n profeet pro- of anti-Babilonies was, of selfs dat hy heil of onheil verkondig het nie, maar of hy sy profetiese woord van die Here ontvang het al dan nie. Hieroor kon alleen die toekoms uitsluitsel gee. Dié uitsluitsel het gou genoeg gekom. Jeremia het 'n nuwe Godsspraak ontvang: Die hout juk sou deur 'n yster juk vervang word, en Hanánja is tot die dood veroordeel: „Luister nou, Hanánja, die Here het jou nie gestuur nie, en jy het hierdie volk op 'n leuen laat vertrou; daarom, so sê die Here: Kyk, Ek stuur jou weg van die aardbodem, nog hierdie jaar is jy 'n lyk, omdat jy afval van die Here verkondig het". Enkele maande later het Hanánja gesterf, ontmasker as 'n valse profeet wat sy eie politieke wense aan die volk as Godswoord opgedis het. Sy „so sê die Here" het bedrog en leuen geblyk te wees. Daarom is hierdie jabroer-profeet deur die Here self tereggestel (vgl. Deuteronomium 18:20).